Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NELSON MANDELA-BAAI DISTRIK

# GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## JUNIE 2023

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3,4 en 5) | (40) |

2. Lees die instruksies deeglik deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke AFDELING op `n NUWE bladsy.

5. Trek `n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat `n reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute

   AFDELING B: 20 minute

   AFDELING C: 50 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

# SPEEL EN LEER

## 'n Biblioteek in Delft gebruik videospeletjies om kinders te bemagtig




Deur: Jackie Pienaar-Brink

1 Dit woel deesdae in die Delft Openbare Biblioteek in Kaapstad. Tot 60 kinders daag ná skool op om hul huiswerk hier te doen of te lees voordat hulle - as beloning - die kans kry om videospeletjies te speel.

2 Dit gee aan Ashley Lewis (42) 'n warm gevoel om die hart. Hy is sedert 2021 bestuurder van die biblioteek en die brein agter hierdie hoogs suksesvolle inisiatief om kinders in 'n arm gemeenskap te bemagtig.

3 En dit alles het gevloei uit die manier waarop Ashley self grootgeword het.

4 Hy het grootgeword in Manenberg op die Kaapse Vlakte in dieselfde armoedige omstandighede as baie van die kinders wat nou na sy biblioteek toe stroom. "Dink net, as dit nie vir hierdie inisiatief was nie, sou baie van hierdie kinders dalk nooit eens die geleentheid gekry het om aan die konsole van 'n videospeletjie te vat nie."

5 Maar uiteindelik gaan dit oor veel meer as videospeletjies. Al word kinders daarmee gelok, is die gedagte om hoop te bring dat hulle van hulle moeilike omstandighede kan ontsnap.

6 Ashley wéét hoe dit voel om as kind van al die lekker dinge uitgesluit te wees en om selfs verneder te word weens die omstandighede.

Downloaded from Stanmorephysics.com


7 Hy was maar vyf toe albei sy ouers hul werk verloor het.Om ná skool huis toe te gaan, was vir hom die moeilikste. Daar was geen elektrisiteit nie, niks om te eet nie, geen televisie om 'n fliek te kyk nie en geen speelgoed om mee te speel en homself besig te hou nie.

8 Hulle was grootliks van die goedhartigheid van hul bure en die kerk afhanklik.

9 Ashley was maar 6-7 jaar oud toe die strate geroep het. “As ek uit die skool gekom het, was dit die enigste plek waar ek troos gekry het.”

10 Hy het vriende gemaak met seuns in dieselfde bootjie as hy en op straathoeke saam met hulle rondgehang. Maar daar was een groot verskil tussen hom en die res: Ashley het 'n sterk wil gehad om nie net iets van sy lewe te maak nie, maar ook die wêreld te verander.

11 Teen hul tienerjare het die ander in bendes, dwelms, alkohol en misdaad begin verval. Uiteindelik het almal - behalwe hy - jonk gesterf of in die tronk beland. “Dit is die gewone siklus in arm gemeenskappe waar baie jong manne nie meer die ouderdom van 21 bereik nie,” sê hy sag.

12 Na matriek het hy as vrywilliger by ‘n biblioteek in Kaapstad gewerk. Na ses maande het hy 'n pos as biblioteek-assistent by die Rylands Openbare Biblioteek gekry.

13 Ashley het talle opleidingskursusse bygewoon en ook later 'n graad in biblioteek- en inligtingsdienste aan Unisa behaal. Hy het uiteindelik sy meestersgraad deeltyds aan die Universiteit van Wes-Kaapland voltooi en hom opgewerk tot biblioteekbestuurder.

14 Toe hy in 2021 by die Delft Openbare Biblioteek begin het, was daar slegs een PlayStation en een TV. Dit was genoeg om hom aan die dink te sit oor wat hy kan doen om die kinders nie net daarheen te lok nie, maar hulle terselfdertyd op te voed.

15 Ashley het besef dat geletterdheid en skoolwerk die twee aspekte is waarmee die kinders die meeste sukkel. Hy wou hulle ook help om iets positiefs van hulle lewens te maak. Sy oplossing vir hierdie probleme was die biblioteek-inisiatief. Die uitkoms was manjifiek.

16 Ashley het nog twee TV’s en PlayStations by ander biblioteke gekry. Op die eerste dag het slegs drie kinders opgedaag om op die PlayStations te speel, maar vandag kom daar daagliks tussen 30 en 60 kinders op 'n weeksdag biblioteek toe.

17 Dit werk so: om die kans te kry om 'n videospeletjie te speel, moet die kinders eers huiswerk doen of ‘n *Easy Reader*-boek lees. Toegewyde personeel help hulle hiermee. Dit motiveer die kinders om te lees. Party is so gretig om die videospeletjies te speel dat hulle sommer 2-3 blaaie in 10 minute lees.

18 Ashley wil die kultuur van leer stap vir stap vir die kinders aanleer. Die speletjies is net 'n motivering waardeur hy hulle met die beloningstelsel probeer leer dat niks in die lewe verniet is nie.

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | |
|---|---|
| 19 | Ashley se droom is om hierdie projek na ander biblioteke te versprei. Dink net hoeveel kinders dán gehelp sal kan word… |
| | [Bron: *Kuier*, 16 Maart 2023] |

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 In watter stad vind jy die Delft Openbare Biblioteek? (1)

1.2 Noem EEN voorwaarde waaraan die kinders moet voldoen voordat hulle videospeletjies mag speel. (1)

1.3 Waarom is die speel van videospeletjies veral vir die kinders in Delft 'n goeie, gepaste beloning? (1)

1.4 "Dit gee aan Ashley Lewis (42) **'n warm gevoel om die hart**." (paragraaf 2)

1.4.1 Word "**warm gevoel om die hart**" LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.4.1 deur te verduidelik wat "'n warm gevoel om die hart" beteken. (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ashley wil die kinders "bemagtig". (paragraaf 2)

"Bemagtig" beteken Ashley wil die kinders (die mag gee om hul lewens te verbeter/ leer om magtige mense te wees). (1)

1.6 Gee `n rede waarom Ashley se familie swaargekry het toe hy klein was. (1)

1.7 Ashley se bure het hulp aan hulle verleen toe hy klein was.

Dink jy bure is verplig om mekaar in tye van nood te help? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 "Ashley was maar 6-7 jaar oud toe die strate geroep het."

Hoekom, dink jy, het Ashley verkies om vriende te maak met seuns wat in dieselfde situasie as hy was? (1)

1.9 Waarom kan ons sê dat Ashley se wil om iets van sy lewe te maak tot sy voordeel was? (1)

1.10 Noem TWEE sosiale probleme wat die inwoners van Manenberg volgens die teks beleef. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.11 Wat suggereer "**sag"** (paragraaf 11) rakende Ashley se gevoelens oor die dood van soveel jong mans in sy gemeenskap? (1)

1.12 Watter beroep beoefen Ashley tans? (1)

1.13 Waarom was 2021 `n belangrike jaar vir Ashley? (1)

1.14 Noem EEN rede uit die artikel waarom Ashley met die biblioteekinisiatief begin het. (1)

1.15 Ashley se biblioteekinisiatief is 'n sukses. Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.16 Watter belangrike lewenswaarde wil Ashley eintlik vir die kinders leer? (1)

1.17 Waarom is dit Ashley se droom om hierdie projek na ander biblioteke te versprei? (1)

1.18 Stem jy saam met die volgende stelling? Motiveer jou antwoord.

Om geletterd te wees en jou huiswerk te doen, is 'n voorwaarde vir sukses. (1)

1.19 Kan jy met Ashley identifiseer? Motiveer jou antwoord. (1)

1.20 Gee jou eie opinie oor die invloed van rolmodelle op tieners. (1)


1.21 Dink jy dit is belangrik vir Suid-Afrikaners om iets aan hul gemeenskap terug te gee? Motiveer jou antwoord. (1)

1.22 Help die foto by die teks jou om die teks beter te verstaan? Motiveer. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


**TEKS B**

Bestudeer die visuele teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[https://*www.businessinsider.co.za/what-you-should-know-about-takealots-outgoing-ceo-kim-reid-2021*]

1.23 Hoe sluit die pyltjie by A aan by die opskrif van dié teks? (1)

1.24 Waarom is daar 'n horlosie by die teks by B? (1)

1.25 Verwys na die teks by C.

Waarom, dink jy, koop mense ook vir volwassenes geskenke, en nie net vir kinders nie? (1)

1.26 Hoeveel beplan mense om per persoon op geskenke vir vriende te spandeer? (1)

1.27 Noem die gewildste speletjie volgens die teks op kinders se wenslysie. (1)

1.28 Hoe weet jy dat die inligting in hierdie visuele teks akkuraat is? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Musiek is goed vir `n mens.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE feite oor waarom musiek goed is vir 'n mens in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**WAAROM IS MUSIEK GOED VIR `N MENS?**

Daar is heelwat redes waarom musiek goed vir jou is. Selfs al voel jy bedruk, verbeter jou gemoedstemming wanneer jy na jou gunstelingmusiek luister. Die musiek veroorsaak dat jou brein dopamien vrystel, wat gevoelens van geluk, opwinding en vreugde versterk.

Atlete wat na motiverende musiek luister terwyl hulle aan wedlope deelneem, presteer beter. Persone wat na musiek luister terwyl hulle oefen, beweeg op die maat van musiek, wat dit meer genotvol maak sodat hulle selfs langer oefen.

Musiek kan as 'n natuurlike antidepressant beskou word omdat die brein die neuro-oordraers serotonien en dopamien vrystel, wat jou gelukkig laat voel en jou algehele welstand verbeter.

Luister vir minstens 'n uur voor jy gaan slaap na klassieke of enige ontspannende musiek. Dit sal jou beter laat slaap. Navorsingsresultate toon dat die kombinasie van sagte beligting en strelende musiek maak dat jy minder eet en terselfdertyd jou kos meer geniet.

Volwassenes en kinders wat na musiek luister terwyl hulle studeer, memoriseer en herroep inligting makliker.

Kinders wat musiek- of sanglesse neem, presteer akademies beter as hul maats wat deelneem aan buitemuurse aktiwiteiteite wat nie met musiek verband hou nie.

Navorsing het getoon dat persone wat chroniese pyn ervaar het, verligting ervaar het deur na musiek te luister. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat musiek spanning verlig en die liggaam dienooreenkomstig reageer.

[Aangepas: *https://welstand.solidariteit.co.za/waarom-is-musiek-goed-n-mens/]*

**TOTAAL AFDELING B: 10**


Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie (TEKS D) gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




# KOOP NOU!

**Beperkte voorraad!!**

Protea uitgewers stel bekend: Sian Hall se nuwe boek *Dit spook daar.* Hierdie lekkerlees-produk beloof om jou nekhare **(3.4) *regop*** te laat staan.

Wanneer jy aan spookstories dink, dink jy aan 'n ou, krakerige huis? Dink jy aan vreemde **(3.7) voetstap**?

Dink weer...

Sian Hall verras met vars spookstories.

[Bron: www.google *images.co.za*]

3.1 Noem TWEE tegnieke waarmee die adverteerder die titel van hierdie boek beklemtoon. (2)

3.2 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.3 Hoe word die leser gemanipuleer om hierdie produk te koop? (1)

3.4 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord. (1)

3.5 Waarom is die gebruik van die prent op die voorblad van die boek funksioneel? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.6. Waarom herhaal die adverteerder die voornaamwoorde **jy** en **jou** in die advertensie? (1)

3.7 Gee die korrekte MEERVOUDSVORM van die vetgedrukte woord. (1)

3.8 Wat is die funksie van die ellips: **Dink weer…**? (1)

3.9 Watter belangrike inligting het die adverteerder uitgelaat? (1)
**[10]**


**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

**GARFIELD**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




[Bron: Verwerk uit: *www.flickr.com*]

4.1 Verwys na raampie 1.

4.1.1 Gee TWEE VISUELE bewyse dat Garfield beplan om die hond skrik te maak. (2)

4.1.2 Skryf Garfield se woorde hieronder in die VERLEDE TYD.

Ek wil die hond skrikmaak. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.2 Verwys na raampie 2.

4.2.1 Hoe dink jy voel Garfield in raampie 2? (1)
4.2.2 Motiveer jou antwoord by 4.2.1 (1)
4.2.3 Watter bewys is daar dat Garfield weghardloop? (1)

4.3 Verwys na raampie 3.

Herskryf die vraagsin in raampie 3 as `n STELSIN. (1)

4.4 Watter visuele bewys is daar in raampie 3 dat Garfield se ore beweeg? (1)

4.5 Hoe verskil Garfield se liggaamstaal in raampie 1 van dié in raampie 3? (1)

4.6 Hoe weet jy dat daar niks gepraat word in hierdie strokiesprent nie? (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande artikel (TEKS F) gebaseer.
- Voer die instruks**ies by elke vraag uit.**

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**SPOKE IS ORAL OM ONS**



(5.1.1) Daar bestaan beslis iets soos spoke en geeste! Susan kan hulle (5.1.2) (elke dag) voel en sien. Sy het ook al met 'n oom gepraat (5.1.3) (wie/wat) vir haar verloofde 'n boodskap gehad het. Daar by hulle in die huis is 'n ou (5.1.4) (oom) wat nie kan rus nie. Hy kyk altyd vir haar as sy besig is (5.1.5) (kos maak). Hy is (5.1.6) (skadeloos). (5.1.7) Sy voel nooit bang as hy daar is nie. Hy is baie vriendelik. (5.1.8) (Sy / 'n paar geeste / het al / gesien / in haar leeftyd.) (5.1.9) Die meeste is (soek) na rus en vrede. (5.1.10) Susan sê: "Die kwaai geeste laat 'n mens bang voel." Die vriendelike geeste laat haar egter (5.1.11) (glad) nie bang voel nie. (5.1.12) Dit is soms maer 'n bietjie vreemd; tog gaan sy aan asof hulle nie daar is nie. (5.1.13) Die meeste mense vrees die onbekende. Spookstories is regtig nie vir (kind+ore) bedoel nie.

[Verwerk uit: *www.netwerk24.co.za*]

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.1.1 Skryf die sin hieronder oor in die ONTKENNING.

Daar bestaan beslis iets soos spoke en geeste! (1)

5.1.2 Gee EEN woord vir die gedeelte tussen hakies.

Susan kan hulle (elke dag) voel en sien. (1)

5.1.3 Voltooi die sin deur die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD te kies.

Sy het ook al met `n oom gepraat **(wie/wat)** vir haar verloofde 'n boodskap gehad het. (1)

5.1.4 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.

Daar by hulle in die huis is 'n ou (oom) wat nie kan rus nie. (1)

5.1.5 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Hy kyk altyd vir haar as sy besig is (kos maak). (1)

5.1.6 Verdeel die onderstreepte woord in LETTERGREPE.

Hy is <u>skadeloos</u>. (1)

5.1.7 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Sy voel nooit bang as hy daar is nie. Hy is baie vriendelik. (omdat) (1)

5.1.8 Skryf die sin oor met die KORREKTE WOORDORDE.

Sy / 'n paar geeste / het al / gesien / in haar leeftyd.) (1)

5.1.9 Gee die TEENWOORDIGE DEELWOORD vir die woord tussen hakies.

Die meeste is (soek) na rus en vrede. (1)

5.1.10 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Susan sê: "Die kwaai geeste laat 'n mens bang voel." (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.1.11 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in 'n verklarende sin.

Die vriendelike geeste laat haar egter (glad) nie bang voel nie. (1)

5.1.12 Korrigeer die SPELFOUT in die onderstaande sin.

Dit is soms maer 'n bietjie vreemd; tog gaan sy aan asof hulle nie daar is nie. (1)

5.1.13 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Die meeste mense vrees die onbekende. (1)

5.1.14 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Spookstories is regtig nie vir (kind+ore) bedoel nie. (1)

5.2 **TEKS G**

- Die taalvrae wat volg is op die onderstaande prent gebaseer.



[Aangepas uit: *www.jantoo.com*]

5.2.1 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Daar is 'n bedkassie ….. die bed. (1)

5.2.2 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies.

Die (man) lê in die bed. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.2.3 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Die arme man is (gesond). (1)

5.2.4 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Die man lê onder die (*blanket*). (1)

5.2.5 Verskaf EEN WOORD vir die items tussen hakies.

Daar is (‘n bed en bedkassie) in die slaapkamer. (1)

5.2.6 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Die man (herken / erken) die doodsengel. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NELSON MANDELA-BAAI DISTRIK

## GRAAD 12

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2023**

**NASIENRIGLYN**

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

Downloaded from Stanmorephysics.com



**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE/ WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat gee ’n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en ’n reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE / DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.
- Of soortgelyk aan bogenoemde beteken ’n sinoniem van die voorgestelde antwoord op die nasienriglyn.

**VRAAG 1**

**TEKS A: ‘SPEEL EN LEER’**
[Verwerk uit *Kuier*,16 MAART 2023]

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **VLAK** | **PUNT** |
|---|---|---|---|
| 1.1 | (In) Kaapstad | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.2 | Hulle moet huiswerk doen/lees. | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.3 | Die kinders in Delft het nie geld vir videospeletjies nie.<br>*(Of soortgelyk)* | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.4.1 | Figuurlik | 3 | 1 |
| | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4.2 | Dit beteken `n lekker/aangename/goeie gevoel<br>*(Enige een of soortgelyk)* | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.5 | Die mag gee om hul lewens te verbeter. | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.6 | Albei sy ouers het hulle werk verloor/was werkloos. | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.7 | Ja, dit is ons godgegewe plig en verantwoordelikheid om, waar moontlik, ons medemens en naaste te help.<br>OF<br>Nee, in vandag se moeilike lewe moet elkeen vir homself sorg.<br>*(Enige een of soortgelyk)* | 4 | 1 |
| | | | |
| 1.8 | Hulle het begrip vir mekaar se omstandighede gehad / Hulle het mekaar verstaan.<br>*(Enige een of soortgelyk)* | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.9 | Dit het verhoed dat hy ook jonk sterf / in die tronk beland.<br>Dit het bygedra tot sy sukses in die lewe. | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.10 | • Dwelmmisbruik<br>• Bendebedrywighede<br>• Alkoholmisbruik<br>• Misdaad<br>*(Enige twee)* | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.11 | Dit wys sy hartseer / empatie/ meegevoel | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.12 | Hy is `n biblioteekbestuurder | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.13 | Hy het bestuurder by Delft Openbare Biblioteek in Kaapstad geword en met sy biblioteekinisiatief begin. | 2 | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.14 | Hy het besef dat kinders met geletterdheid en skoolwerk sukkel.<br><br>Hy wou hulle help om iets positiefs van hulle lewens te maak.<br><br>*(Enige een)* | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.15 | Daar kom daagliks tussen 30 en 60 kinders op `n weeksdag biblioteek toe. | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.16 | Hy wil hulle leer dat niks in die lewe verniet is nie. | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.17 | Hy wil selfs meer kinders help. | 2 | 1 |
| | | | |
| 1.18 | Ja, want as jy ongeletterd is, is dit moeilik om `n goeie werk te vind en `n suksesvolle lewe te lei.<br><br>OF<br><br>Nee, daar is baie mense wat nie skool voltooi het nie, maar uiters suksesvolle entrepeneurs is. | 4 | 1 |
| | | | |
| 1.19 | Ja, ek hou ook daarvan om mense te help.<br><br>Ja, ek het ook `n wil om `n sukses van my lewe te maak.<br><br>Ja, ek het ook al bo moeilike omstandighede uitgestyg.<br><br>OF<br><br>Nee, ek het nog nooit swaar omstandighede beleef nie. | 5 | 1 |
| 1.20 | Tieners is baie beïnvloedbaar en rolmodelle kan `n positiewe of negatiewe invloed op kinders hê.<br><br>Positiewe rolmodelle kan `n groot verskil in `n tiener se lewe maak deur hulle te motiveer en te inspireer.<br><br>Negatiewe rolmodelle kan tieners se lewens verwoes( deur hulle aan verkeerde dinge bloot te stel) | 5 | 1 |
| | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.21 | Ja, dis belangrik om terug te gee aan jou gemeenskap, want so help jy ander om hul volle potensiaal te ontwikkel of hul omstandighede te verbeter. | 4 | 1 |
| | | | |
| 1.22 | Ja, want nou kan ek sien hoe lyk Ashley en die biblioteek waarvan daar gepraat word. | 4 | 1 |
| | | | |
| **TEKS B : DIE VIRTUELE INKOPIE-PROSES**<br><br>[verwerk uit kalahari.com] | | | |
| 1.23 | Jy gebruik die pyltjie wanneer jy kliek om die rekenaar te gebruik en jy het dit ook nodig om jou aanlyninkopies te doen. | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.24 | Om te wys hoe vinnig die bestellings verwerk word. | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.25 | Mense wil ook waardering wys vir die volwassenes in hul lewens / hulle bederf / spesiaal laat voel | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.26 | R200 | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.27 | Speletjies vir die Playstation | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.28 | Die statistieke is verskaf deur kalahari.com | 3 | 1 |
| | | | |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: 30** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - o 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - o 3 punte vir taal
  - o Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - o 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - o 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - o 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - ○ 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - ○ 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - ○ 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
    - ○ **Toegewing**: Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar een daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of

  7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

  Indien die kandidaat **net 1 direkte aanhaling** het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

**Getal woorde:**

Downloaded from Stanmorephysics.com

| **Waarom is musiek goed vir 'n mens?** | |
|---|---|
| Daar is heelwat redes waarom musiek goed is vir jou. | |
| Selfs al voel jy bedruk, verbeter jou gemoedstemming wanneer jy na jou gunstelingmusiek luister. Die musiek veroorsaak dat jou brein dopamien vrystel, wat gevoelens van geluk, opwinding en vreugde versterk. | 1. Musiek laat jou brein dopamien vrystel wat jou gelukkig laat voel. |
| Atlete wat na motiverende musiek luister terwyl hulle aan wedlope deelneem, presteer beter. Persone wat na musiek luister terwyl hulle oefen, beweeg op die maat van musiek, wat dit meer genotvol maak sodat hulle selfs langer oefen. | 2. Musiek laat jou beter presteer en langer oefen. |
| Musiek kan as 'n natuurlike antidepressant beskou word omdat die brein die neuroöordraers serotonien en dopamien vrystel, wat jou gelukkig laat voel en jou algehele welstand verbeter. | 3. Musiek is 'n natuurlike antidepressant. |
| Luister vir minstens 'n uur voor jy gaan slaap na klassieke of enige ontspannende musiek. Dit sal jou beter laat slaap. Navorsingsresultate toon dat die kombinasie van sagte beligting en strelende musiek maak dat jy minder eet en terselfdertyd jou kos meer geniet. | 4. Musiek help jou om beter te slaap.<br>5. Musiek help jou om minder te eet en jou kos meer te geniet. |
| Volwassenes en kinders wat na musiek luister terwyl hulle studeer, memoriseer en herroep inligting makliker. | 6. Jy leer en onthou inligting makliker wanneer jy na musiek luister. |
| Kinders wat musiek- of sanglesse neem, presteer akademies beter as hul maats wat deelneem aan buitemuurse aktiwiteiteite wat nie met musiek verband hou nie. | 7. Kinders wat musiek doen, vaar akademies beter as kinders wat nie musiek doen nie/ |
| Navorsing het getoon dat persone wat chroniese pyn ervaar het, verligting ervaar het deur na musiek te luister. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat musiek spanning verlig en die liggaam dienooreenkomstig reageer.<br><br>Aangepas: https://welstand.solidariteit.co.za/waarom-is-musiek-goed-n-mens/ | 8. Musiek help om pyn en spanning te verlig. |
| | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| **AFDELING C: TAAL**<br><br>**ASSESSERINGSRIGLYNE** |
|---|
| • Spelling<br>o Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.<br>o By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.<br>o Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.<br><br>• Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.<br>• Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae. |

**VRAAG 3**

**TEKS D : ADVERTENSIE**

[Verwerk uit www.google images.co.za]

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| | | |
| 3.1 | Dit is in hoofletters/groot letters/ letters in vetdruk/ letters in `n ander kleur geskryf/ ‘n ander font. | 2 |
| | | |
| 3.2 | Mense wat van spookstories hou. | 1 |
| | | |
| 3.3 | Die leser word gemanipuleer met die woorde: **Koop Nou!** / **Beperkte voorraad!!** | 1 |
| | | |
| 3.4 | penregop *(sp)* | 1 |
| | | |
| 3.5 | Die ou huis lyk spookagtig en skep spanning/ Dit sluit mooi aan by die teks. | 1 |
| | | |
| 3.6 | • Dit laat die leser betrokke voel.<br>• Dit maak die advertensie persoonlik. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | • Dit is 'n manier om jou te oorreed / en te manipuleer. | |
| | | |
| 3.7 | voetstappe *(sp)* | 1 |
| | | |
| 3.8 | Dit skep spanning/afwagting.<br>Dit laat die leser dink. | 1 |
| | | |
| 3.9 | Die prys van die boek | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**

[Verwerk uit www.flickr.com]

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 4.1.1 | Hy het `n ondeunde/stout uitdrukking/ grinnik op sy gesig<br>Hy staan gereed met arms langs die sye ( liggaamstaal)<br>*(Of soortgelyk)* | 2 |
| | | |
| 4.1.2 | Ek wou die hond skrikmaak/ Ek wou die hond skrikgemaak het. | 1 |
| | | |
| 4.2.1 | Bang/gestres | 1 |
| | | |
| 4.2.2 | • Hy sweet<br>• Sy oë is groot en bang<br>• Sy mond is vertrek van vrees<br>*(Enige een of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 4.2.3 | Sy voet is in die lug | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| 4.3.1 | Die hond is `n spook. | 1 |
| | | |
| 4.4 | Die lyntjies / strepies by sy ore | 1 |
| | | |
| 4.5 | In raampie 1 is sy liggaamstaal sterk en hy lyk in beheer, maar in raampie 3 lyk hy verslae/ verskrik en bang/onseker.<br>*(Enige een of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 4.6 | Daar is slegs dinkborrels. | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: ARTIKEL**

[Verwerk uit *www.netwerk24.co.za*]

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 5.1.1 | Daar bestaan beslis nie iets soos spoke en geeste nie. | 1 |
| | | |
| 5.1.2 | daagliks *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.3 | wat | 1 |
| | | |
| 5.1.4 | tannie / tante | 1 |
| | | |
| 5.1.5 | Hy kyk altyd vir haar as sy besig is om kos te maak. | 1 |
| | | |
| 5.1.6 | ska-de-loos / ska/de/loos / ska+de+loos<br>*(Enige EEN. Die verdeling moet volledig wees.]* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| 5.1.7 | Sy voel nooit bang as hy daar is nie omdat hy baie vriendelik is. | 1 |
| | | |
| 5.1.8 | Sy het al `n paar geeste in haar leeftyd gesien. | 1 |
| | | |
| 5.1.9 | soekend *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.10 | Susan sê dat die kwaai geeste `n mens bang laat voel/<br>Susan sê die kwaai geeste laat 'n mens bang voel. | 1 |
| | | |
| 5.1.11 | Die vloer is **glad** en `n mens kan daarop gly.<br>Die meisie se hare is lank en **glad**.<br>Alles het **glad** verloop. | 1 |
| | | |
| 5.1.12 | Dit is soms **maar** `n bietjie vreemd; tog gaan sy aan asof hulle nie daar is nie. | 1 |
| | | |
| 5.1.13 | Die onbekende word deur die meeste mense gevrees. | 1 |
| | | |
| 5.1.14 | kinderore | 1 |
| | | |
| **VRAAG 5.2**<br>**TEKS G: PRENT**<br>*[Verwerk uit www.jantoo.com]* | | |
| 5.2.1 | langs | 1 |
| | | |
| 5.2.2 | mannetjie *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.2.3 | ongesond/siek | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| 5.2.4 | kombers | 1 |
| | | |
| 5.2.5 | meubels | 1 |
| | | |
| 5.2.6 | herken | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |
| | | |